



# AFRIFORUM SE **WATERGEHALTE-** WAARNEMINGSVERSLAG



AfriForum

Desember 2025

Hierdie verslag is opgestel deur Marais de Vaal en Lambert de Klerk.  
*AfriForum se watergehaltewaarnemingsverslag* is deel van AfriForum  
Gemeenskapsselfstandigheid se #SkoopWater-inisiatief.



# INHOUD

|                                                                                          |           |
|------------------------------------------------------------------------------------------|-----------|
| <b>INLEIDING.....</b>                                                                    | <b>4</b>  |
| Suid-Afrika se waterlandskap.....                                                        | 4         |
| Die regering se verantwoordelikheid.....                                                 | 4         |
| <b>AFRIFORUM SE WATERGEHALTEWAARNEMINGSVERSLAG.....</b>                                  | <b>6</b>  |
| 'n Nuwe naam vir AfriForum se verslag in 2025 .....                                      | 6         |
| Agtergrond oor AfriForum se projek.....                                                  | 6         |
| <b>KRITERIA VIR VEILIGE DRINKWATER EN BEHANDELDE AFVALWATER.....</b>                     | <b>7</b>  |
| Munisipale drinkwater.....                                                               | 7         |
| Behandelde afval.....                                                                    | 7         |
| <b>METODOLOGIE.....</b>                                                                  | <b>8</b>  |
| Oorsig.....                                                                              | 8         |
| Toetsstel.....                                                                           | 8         |
| Toetsprosedure (neem van monsters).....                                                  | 9         |
| Beperkings.....                                                                          | 9         |
| Hantering van monsters.....                                                              | 10        |
| Interpretasie van die toetsresultate.....                                                | 10        |
| Rapportering van toetsresultate.....                                                     | 11        |
| <b>RESULTATE.....</b>                                                                    | <b>12</b> |
| Munisipale drinkwatertoetsresultate.....                                                 | 12        |
| Nasionale oorsig.....                                                                    | 12        |
| Provinsiale oorsig.....                                                                  | 13        |
| Provinsiale resultate: Gauteng.....                                                      | 16        |
| Provinsiale resultate: KwaZulu-Natal.....                                                | 17        |
| Provinsiale resultate: Limpopo.....                                                      | 18        |
| Provinsiale resultate: Mpumalanga.....                                                   | 19        |
| Provinsiale resultate: Noord-Kaap.....                                                   | 20        |
| Provinsiale resultate: Noordwes.....                                                     | 21        |
| Provinsiale resultate: Oos-Kaap.....                                                     | 22        |
| Provinsiale resultate: Vrystaat.....                                                     | 23        |
| Provinsiale resultate: Wes-Kaap.....                                                     | 24        |
| Onveilige munisipale drinkwater.....                                                     | 25        |
| Toetsresultate vir behandelde rioolwater.....                                            | 26        |
| Nasionale oorsig.....                                                                    | 26        |
| Provinsiale oorsig.....                                                                  | 28        |
| Provinsiale resultate: Gauteng.....                                                      | 30        |
| Provinsiale resultate: KwaZulu-Natal.....                                                | 31        |
| Provinsiale resultate: Limpopo.....                                                      | 32        |
| Provinsiale resultate: Mpumalanga.....                                                   | 33        |
| Provinsiale resultate: Noord-Kaap.....                                                   | 34        |
| Provinsiale resultate: Noordwes.....                                                     | 35        |
| Provinsiale resultate: Oos-Kaap.....                                                     | 36        |
| Provinsiale resultate: Vrystaat.....                                                     | 37        |
| Provinsiale resultate: Wes-Kaap.....                                                     | 38        |
| Riolsuiweringsaanlegte wat skoon afvalwater afvoer.....                                  | 39        |
| Dalende prestasie van sekere riolsuiweringsaanlegte.....                                 | 39        |
| Onuitvoerbare toetse.....                                                                | 39        |
| <b>BESPREKING VAN RESULTATE.....</b>                                                     | <b>41</b> |
| Oorsig van nasionale tendense.....                                                       | 41        |
| Gehalte van munisipale drinkwater.....                                                   | 41        |
| Gehalte van behandelde afvalwater.....                                                   | 42        |
| Geïntegreerde tendense en langtermynpatrone (2021–2025).....                             | 45        |
| Gekombineerde prestasie vir 2025.....                                                    | 45        |
| Meerjarige tendense (2021–2025).....                                                     | 45        |
| <b>GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS.....</b>                                               | <b>46</b> |
| Bylaag 1: Volledige resultate vir die gehalte van munisipale drinkwater (2021–2025)..... | 48        |
| Bylaag 2: Volledige resultate vir die gehalte van behandelde afvalwater (2021–2025)..... | 57        |

# INLEIDING

## Suid-Afrika se waterlandskap

Suid-Afrika is een van die waterskaarsste lande in die wêreld. Reënval is beperk, onvoorspelbaar en oneweredig verspreid oor die land, terwyl baie van ons grootste bevolkingsentrums ver geleë is van groot natuurlike waterbronne.

Kenner skat dat al Suid-Afrika se beskikbare water reeds toegewys is om in bestaande behoeftes te voorsien. Ons beperkte vars water is onder toenemende druk van 'n stygende bevolking, nywerhede, mynbou, landbou en onbelemmerde besoedeling. Klimaatsverandering vererger die situasie deur reënval meer wisselvallig en droogtes langer te maak.

Om hierdie tekort aan te vul, het Suid-Afrika reeds een van die grootste ingenieursprojekte op die vasteland gebou: die Lesotho Hoogland-waterprojek, wat water van die hoë-reënvalstreek in naburige Lesotho na die Vaal-kom en Gauteng-gebied oordra om die land se ekonomiese kern van water te voorsien. Die projek se uitgebreide infrastruktuurvereistes het egter enorme koste-implikasies, en min soortgelyke grootskaalse opsies bly oor.

Hierdie realiteit beklemtoon die feit dat ons water nie as 'n onuitputbare hulpbron kan beskou nie. Elke liter is kosbaar vir ons land se toekoms. Die maniere waarop ons ons natuurlike waterbronne bestuur, hoe ons die infrastruktuur wat dit lewer in stand hou, en die wyse waarop ons dit in ons daaglikse lewens gebruik, sal bepaal of daar steeds skoon water gaan wees om lewensbestaan, die ekonomie en ekosisteme in die toekoms te onderhou.

## Die regering se verantwoordelikheid

Toegang tot skoon drinkwater, veilige sanitasie en 'n gesonde omgewing is basiese menseregte wat deur die Grondwet beskerm word. Dit beteken die regering moet nie net hierdie regte respekteer nie, maar ook

aktiewe stappe doen om dit moontlik te maak deur middel van wette, beleide en die regte bestuursmetodes.

Suid-Afrika se waterstelsel kan as 'n ketting beskou word. Elke skakel hang af van die een voor dit: van natuurlike waterbronne soos riviere en damme, tot behandelings- en verspreidingstelsels wat skoon water na ons krane bring, en uiteindelik tot die versameling en behandeling van rioolvuil voordat dit terugvloei in die omgewing. As een skakel faal, verswak die hele ketting.

Op nasionale vlak is die Departement van Water en Sanitasie (DWS) die bewaarder van al Suid-Afrika se waterbronne. Dit reguleer hoe water gebruik, gedeel en beskerm word. Die nuutgestigte Nasionale Waterhulpbroninfrastruktuuragentskap is verantwoordelik vir die ontwikkeling en bestuur van groot nasionale projekte soos damme en wateroordragskemas wat water tussen opvanggebiede laat beweeg.

Opvanggebiedbestuursagentskappe speel 'n ondersteunende rol deur water binne rivieropvanggebiede te bestuur om te verseker dat die beskikbare water gebruik word volgens die volhoubare perke. Watergebruikersverenigings is plaaslike vennootskappe – wat dikwels bestaan uit boere, nywerhede of gemeenskappe – wat help om die billike en doeltreffende gebruik van water in spesifieke gebiede te koördineer.

Op die vlak tussen nasionale infrastruktuur en munisipaliteite is waterrade, soos Rand Water, Magalies Water en uMngeni-uThukela Water. Hierdie liggame word deur die DWS gestig om as waterdiensteverskaffers op te tree. Hulle suiwer rou water wat uit damme en riviere onttrek word, en verskaf dan hierdie behandelde water aan munisipaliteite, nywerhede en ander gebruikers. Waterrade bou en bedryf ook groot suiweringsaanlegte en pypleidings, wat help om stabiliteit te handhaaf

in streke waar munisipaliteite nie die kapasiteit het om dit self te doen nie.

Die laaste en sigbaarste skakel in die ketting is plaaslike regering. Die Grondwet gee aan munisipaliteite die plig en gesag om water- en sanitasiedienste direk aan gemeenskappe te lewer. Dit sluit in die beplanning, bou, bedryf en instandhouding van die pype, pompe en behandelingsaanlegte wat skoon water lewer en afvalwater verwerk. As munisipaliteite nie hul infrastruktuur onderhou of dit doeltreffend bestuur nie, word water vermors en besoedeling neem toe. Op sy beurt vloei hierdie besoedelde water dan terug in riviere en damme en besmet die einste bronne wat drinkwater verskaf. Gevolglik verswak elke skakel in die ketting wat lei tot 'n siklus wat voortdurend vererger – skoon water word dus al hoe skaarser en moeiliker om te produseer.

Alhoewel die waterketting afhang van fisieke infrastruktuur, speel finansiële oorwegings ook 'n belangrike rol. Elke vlak

in die stelsel betaal vir die water wat dit ontvang: Waterrade soos Rand Water betaal die DWS vir rouwateronttrekking onder hul lisensievoorwaardes; munisipaliteite koop grootmaatwater van hierdie rade; en huishoudings en ondernemings betaal munisipaliteite vir die water wat hulle gebruik. As munisipaliteite nalaat om hul waterrade te betaal veroorsaak dit 'n finansiële bottelnek wat onderhoud, infrastruktuuropgraderings en gevolglik die lewering van water aan verbruikers bedreig.

Elke skakel in die ketting het 'n duidelike rol om te vervul, maar dit gebeur dikwels dat die grense van aanspreeklikheid tussen die nasionale regering, waterrade en munisipaliteite vervaag. Wanneer rolle en verantwoordelikhede nie duidelik uiteengesit of afgedwing word nie, lei dit daartoe dat vingers gewys word in plaas daarvan dat probleme opgelos word. Dit lei tot vertraging van die aksie wat nodig is om falende infrastruktuur en watergehalte te herstel.



# AFRIFORUM SE WATERGEHALTEWAARNEMINGSVERSLAG

## 'n Nuwe naam vir AfriForum se verslag in 2025

Vanjaar se verslag verskyn onder 'n nuwe naam na aanleiding van 'n versoek van die DWS om verwarring tussen die regering se amptelike Blou- en Groendruppel-assesserings en AfriForum se onafhanklike projek te vermy. Hoewel AfriForum se verslag verskil wat die omvang en metode aanbetref, bied dit steeds waardevolle insig in die gehalte van munisipale drinkwater en behandelde afvalwater reg oor Suid-Afrika.

Die nuwe naam, *AfriForum se watergehaltewaarnemingsverslag*, weerspieël die projek se doel meer akkuraat: om die toestand van Suid-Afrika se drinkwater en behandelde afvalwater dop te hou, veranderinge oor tyd na te spoor, en gemeenskappe te help om hul munisipaliteite aanspreeklik te hou vir die gehalte van die water- en sanitasiedienste wat hulle ontvang.

## Agtergrond oor AfriForum se projek

Met hierdie watergehaltewaarnemingsverslag wil AfriForum die publiek voorsien van duidelike en toeganklike inligting oor die stand van munisipale water- en sanitasiedienste. Dit bevorder deursigtigheid en 'n ingeligte, aktiewe burgerskap, en dit is weer op sy beurt die dryfkrag vir positiewe verandering in die bestuur van plaaslike waterinfrastruktuur en die beskerming van waterbronne.

Die DWS is verantwoordelik vir die nasionale Blou- en Groendruppelprogramme, wat volledige oudits en risiko-ontledings van byna 1 000 drinkwatervoorsieningstelsels (Blou druppel) en 900 rioolsuiweringsaanlegte (Groen druppel) reg oor die land behels. Dit is noodsaaklike instrumente om te verseker dat die sukses van beide drinkwater- en afvalwaterstelsels gereeld gemoniteer en aan die publiek gerapporteer word.

Die DWS het egter van 2012 tot 2022 versuim om hierdie assesserings te doen of die resultate openbaar te maak. Dié dekade lange inligtingsgaping het 'n skaduwee gewerp oor die geloofwaardigheid van Suid-Afrika se water- en sanitasiestelsels.

Dit was gedurende hierdie tydperk, en spesifiek in 2013, dat AfriForum sy eie onafhanklike, burgergedrewe watergehaltewaarnemingsprojek van stapel gestuur het. Alhoewel dit nie so omvattend soos die DWS se amptelike programme was nie, het AfriForum se monsterneming en toetsing van drinkwater en behandelde afvalwater reg oor die land vir gemeenskappe 'n aanduiding gegee of hul munisipale waterdienste aan wetlike standaarde voldoen het. Die publikasie van hierdie resultate het ook druk op die DWS geplaas om sy nasionale Blou- en Groendruppel-verslagdoening te hervat, wat hulle uiteindelik in 2022 ná 'n tien jaar lange afwesigheid gedoen het.

AfriForum se jaarlikse watergehaltewaarnemingsprojek bly in 2025 relevant as 'n waardevolle bron van primêre data wat die DWS se amptelike bevindinge aanvul. Aangesien die DWS sy Blou- en Groendruppelverslae in 'n tweejaar-siklus publiseer,<sup>1</sup> is AfriForum se jaarlikse resultate meer op datum.

Met hierdie projek tree AfriForum steeds op as 'n waghond oor die regering se verantwoordbaarheid wat water en sanitasie aanbetref. AfriForum het meer as 'n dekade se eerstehandse data en ondervinding op grondvlak. Gevolglik het die organisasie 'n langtermynwaarnemer van munisipale water- en sanitasiedienslewering geword, asook 'n sleutelbydraer tot nasionale besprekings en navorsing oor Suid-Afrika se water- en sanitasiestelsels.

<sup>1</sup> Een jaar stel die DWS 'n volledige *Bloudruppelverslag* oor drinkwatergehalte vry, tesame met 'n korter *Groendruppelvorderingsverslag* oor behandelde afvalwater. Die volgende jaar is die volgorde omgekeer: 'n volledige *Groendruppelverslag* word gepubliseer met 'n korter *Bloudruppelvorderingsverslag*.

# KRITERIA VIR VEILIGE DRINKWATER EN BEHANDELDE AFVALWATER

## Munisipale drinkwater

Die nasionale standaard vir drinkwatergehalte, SANS 241:2024, stel die wetlike perke vir wat as veilig beskou word om te drink. Dit bepaal hoe skoon drinkwater moet wees met verwysing na veranderlikes soos bakterieë, chemikalieë, minerale en ander stowwe wat gesondheid of smaak kan beïnvloed.

Die verpligte prosesrisiko-aanwysers is die belangrikste komponente vir veilige drinkwater. Hierdie aanwysers moet altyd in elke voorsieningstelsel nagegaan of beheer word, aangesien dit die kernaanwysers is om te bepaal of drinkwater behoorlik behandel is, geen skadelike besoedeling bevat nie, en veilig is om te drink.

Die standaard skryf ook voor hoe gereeld watermonsters geneem moet word en getoets moet word. Die frekwensie hang af van die grootte van die bevolking wat bedien word en die risikovlak in elke voorsieningstelsel. Elke waterverskaffer moet sy watergehalte monitor en bestuur om te verseker dat hierdie perke konsekwent nagekom word waar mense toegang verkry tot hierdie water en dit gebruik.

## Behandelde afval

Die gehalte van behandelde rioolwater word gemeet aan die minimum drempels soos uiteengesit in artikel 2 (uitlaat van afval of water wat afval bevat na 'n waterbron deur 'n pyp, kanaal, rioolpyp of ander afvoerbuise) van die Hersiening van Algemene magtigings ingevolge artikel 39 van die Nasionale Waterwet 36 van 1998.<sup>2</sup>

Hierdie drempels bepaal hoe skoon behandelde afvalwater moet wees voordat dit in 'n rivier, dam, vleiland of enige ander waterbron gestort kan word. Dit is gebaseer op wetenskaplike riglyne wat deur die DWS ontwikkel is, in lyn is met internasionale standaarde soos dié van die Wêreldgesondheidsorganisasie, en aangepas is vir Suid-Afrikaanse toestande. Die algemene magtiging bied 'n minimum basislyn, maar elke rioolsuiweringsaanleg moet ook 'n watergebruikslisensie hê wat strenger perke kan stel, afhangende van plaaslike omstandighede en die sensitiwiteit van die omgewing waarin die water uitgelaat word.

Nakoming van hierdie perke is noodsaaklik om openbare gesondheid te beskerm, voedingstofverryking en algebloei te voorkom, en die ekologiese balans van riviere en damme wat dikwels as drinkwaterbronne stroomaf dien, te handhaaf.

<sup>2</sup> Departement van Water en Sanitasie. 2013. Revision of General Authorisations in terms of Section 39 of the National Water Act, 1998 (Act No. 36 of 1998). *Staatskoerant* 36820: 3–31. Besikbaar by [https://www.gov.za/sites/default/files/gcis\\_document/201409/36820gon665.pdf](https://www.gov.za/sites/default/files/gcis_document/201409/36820gon665.pdf) (Geraadpleeg op 28 Oktober 2025).

# METODOLOGIE

## Oorsig

AfriForum se watergehaltewaarnemingsprojek gebruik 'n gestandaardiseerde, gemeenskapsgebaseerde monsternemings- en toetsproses om die gehalte van munisipale drinkwater en behandelde riool reg oor Suid-Afrika te bepaal. Die doel is om 'n onafhanklike, vergelykbare momentopname van waterveiligheid en behandelingsprestasie in verskillende dorpe en stede te verskaf.

Watermonsters word een keer per jaar deur AfriForum-takke landwyd versamel en ontleed met behulp van veldtoetsstelle wat in samewerking met iLab Water ontwikkel is. Hierdie toetse verskaf aanduidende resultate vir belangrike chemiese en mikrobiiese aanwysers van watergehalte. Resultate word op 'n digitale dataplatform aangeteken, geverifieer en in 'n nasionale databasis gekonsolideer vir ontleding.

Hierdie benadering maak dit moontlik om probleemareas te identifiseer, veranderinge in watergehalte oor tyd na te spoor en munisipaliteite aanspreeklik te hou vir die toestand van hul water- en sanitasiedienste.

## Toetsstel

AfriForum gebruik 'n veldtoetsstel wat in samewerking met geakkrediteerde waterwetenskaplikes van iLab Water ontwikkel is. Die stel is ontwerp om deur nie-tegniese gebruikers sonder enige spesialisopleiding gebruik te word. Deur vir beide chemiese en mikrobiiese kontaminante te sif, bied dit betroubare, aanduidende resultate vir sowel drinkwater as behandelde rioolwater.

Die stel bestaan uit die volgende komponente (elk met 'n raklewe van tot twee jaar):

- 'n 6-in-1 chemiese toetsstrook (wat pH, vry chloor, totale chloor, alkaliniteit, hardheid en ander basiese parameters meet)
- 'n Fosfaattoetsstrook

- Nitraat- en nitriettoetsstroke
- 'n Metaaltoetsstrook
- 'n Petrifilm™-plaat vir *E. coli* of koliform-telling
- 'n Aqua Screen-bottel vir koliform-sifting

Hierdie hulpmiddels maak dit maklik om te sien of daar chemiese en bakteriologiese aanwysers van watergehalte aanwesig is, en om te meet hoe ernstig hierdie vlakke is. Dit dien as 'n vroeë waarskuwing – of dit nou vir drinkwater of behandelde afvalwater is – van toestande wat risiko's kan inhou vir menslike gesondheid of vir die omgewing.

Die chemiese parameters wat gemonitor word, sluit in:

- Hardheid en alkaliniteit (wat indirekte operasionele of gesondheidsimplikasies het)
- Vrye en totale chloor (wat op veilige vlakke gehandhaaf moet word)
- pH (wat behandeling en metaaloplosbaarheid beïnvloed)
- Nitrate en nitriete (wat direkte gesondheidsrisiko's inhou)
- Fosfate en totale metaalinhoud (wat dien as aanduiders van landbou-afloop, rioolindringing of industriële storting)

Die mikrobiiese toetse sif vir die teenwoordigheid van:

- *E. coli* ('n duidelike aanduiding van fekale kontaminasie, wat water onveilig maak vir menslike gebruik), en
- breër koliforme bakterieë (wat kontaminasie of netwerkprobleme aandui).

Kort video's bied leiding oor elke fase van die proses waar monsters met die toetsstel geneem word en getoets word, insluitend die



*Figuur 1: AfriForum se toetsstel wat watergehalte meet.*

korrekte hantering en berging van monsters. Hierdie opleiding verseker dat resultate so betroubaar as moontlik is en dat daar gepas opgetree kan word volgens die versamelde data.

### **Toetsprosedure (neem van monsters)**

AfriForum se jaarlikse watergehaltewaarnemingsprojek word gedurende Augustus elke jaar deur sy netwerk van byna 160 takke reg oor Suid-Afrika uitgevoer. Alhoewel deelname vrywillig is, is alle takke aangemoedig om watermonsters van twee sleutelpunte in hul munisipale gebiede in te samel, naamlik:

- drinkwater wat deur die munisipale verspreidingsstelsel voorsien word, by die verbruikspunt (byvoorbeeld 'n huishoudelike kraan), en
- die storting van behandelde rioolwater vanaf die munisipale rioolsuiweringsaanleg.

Voordat monsters geneem is het takke hul munisipaliteite skriftelik oor die projek ingelig en samewerking versoek, veral om

toegang tot uitlaatpunte/stortingspunte by rioolsuiweringsaanlegte te verkry.

Elke deelnemende tak het 'n projekinligtingsessie en iLab Water se gestandaardiseerde toetsinstruksies ontvang om te verseker dat monsters konsekwent reg oor die land geneem is.

### **Beperkings**

AfriForum se steekproefneming is gebaseer op die geografiese verspreiding van die organisasie se netwerk van takke. Dit beteken dat die plekke waar watermonsters ingesamel is, nie deur 'n volledig ewekansige proses bepaal is nie. Gevolglik word sommige gebiede van die land sterker verteenwoordig as ander, en die presiese aantal monsters wat versamel word, kan van jaar tot jaar verskil, afhangende van takdeelname.

Ten spyte van hierdie beperkings, bied die projek steeds 'n geldige en geloofwaardige oorsig van die gehalte van munisipale drinkwater en behandelde rioolwater reg oor Suid-Afrika. Takke is wyd versprei, en alle monsters word versamel en getoets volgens

'n gestandaardiseerde prosedure gedurende dieselfde tydperk elke jaar. Dit verseker konsekwentheid, vergelykbaarheid en 'n betroubare nasionale beeld van heersende watergehaltetoestande.

## Hantering van monsters

Om die integriteit van elke monster te handhaaf, het AfriForum se takverteenwoordigers die hanterings- en toetsprotokolle gevolg wat deur iLab Water verskaf is.

AfriForum se koördineerders het ondersteuning op die perseel of telefonies aan takverteenwoordigers verskaf, en deelnemers het direkte toegang tot waterkundiges van iLab Water deur 'n WhatsApp-ondersteuningsgroep gehad.

Om te verseker dat die regte prosedures gevolg is, is deelnemers aangemoedig om foto's te neem van elke fase waar monsters geneem is en die toetse gedoen is. Hierdie visuele dokumentasie dien as gehaltebeheer en as bewysstukke wat die geloofwaardigheid van die

projek se resultate versterk.

## Interpretasie van die toetsresultate

Elke monster wat getoets word, meet spesifieke chemiese en bakteriologiese komponente wat bepaal of drinkwater veilig is vir menslike gebruik, en of rioolwater voldoende behandel word sodat dit weer in die omgewing vrygestel kan word sonder om skade te veroorsaak.

Die toetsresultate vir drinkwater word geïnterpreteer teen die perke wat bepaal word deur die **SANS 241:2024 nasionale standaard vir drinkwatergehalte**. Die toetsresultate vir behandelde rioolwater word vergelyk met die perke wat bepaal word deur die **algemene magtiging se minimum uitvloeistandaarde** vir die afvoer van behandelde afvalwater in 'n waterbron (hierbo bespreek).

Drinkwaterresultate wat aan die toepaslike kriteria in tabel 1 hieronder voldoen word in hierdie verslag aangedui as **Veilig**. As een of meer van die perke oorskry word, word die monster aangedui as **Onveilig**.

Tabel 1: Sleutelaanwysers vir veilige drinkwater <sup>3</sup>

| TOETS                      | VEILIG                         | ONVEILIG                           |
|----------------------------|--------------------------------|------------------------------------|
| Petrifilm™: <i>E. coli</i> | Geen blou kolletjies           | Een of meer kolletjies of kolonies |
| Petrifilm™: Koliforme      | Minder as twee rooi kolletjies | Meer as twee rooi kolletjies       |
| Aqua Screen                | Water bly geel                 | Water word swart                   |
| Nitriete                   | Minder as 1 dpm                | Meer as 1 dpm                      |
| Nitrate                    | 10 dpm of minder               | 20 dpm en meer                     |
| Fosfate                    | 10 dpm of minder               | 25 dpm en meer                     |
| pH                         | Tussen 6 en 9                  | Laer as 6 of hoër as 9             |

<sup>3</sup> iLab. S.d. Checklist for Results. Beskikbaar by <https://ilab.comtech.co.za/wp-content/uploads/2025/06/iLab-CHECK-LIST-FOR-RESULTS-5.pdf> (Geraadpleeg op 28 Oktober 2025).



Figuur 2: AfriForum se Lambert de Klerk en Marais de Vaal doen watertoetse.

Nota: Nitraat- en fosfaatvlakke tussen die veilige en onveilige perke val binne 'n waarskuwingsbestek. Terwyl konsentrasies bo 20 dpm vir nitrate of 25 dpm vir fosfate akute gesondheidsrisiko's inhou, kan langdurige gebruik van water met vlakke bo 10 dpm chroniese gesondheidsgevolge hê.

Tabel 2: Sleutelaanwysers vir veilige behandelde rioolwater<sup>4</sup>

| TOETS                              | BESOEDDEL                          |
|------------------------------------|------------------------------------|
| <i>E. coli</i> en totale koliforme | 10 of meer rooi en blou kolletjies |
| pH                                 | Laer as 6 of hoër as 9             |
| Fosfate                            | 25 dpm en meer                     |
| Nitrate                            | 20 dpm en meer                     |

Resultate van behandelde rioolmonsters wat binne die toepaslike perke in tabel 2 val, word in hierdie verslag as **Skoon** aangedui. Indien een of meer perke oorskry word, word die monster as **Besoedel** aangedui.

### Rapportering van toetsresultate

iLab Water het 'n mobiele dataplatform ontwikkel wat deelnemers gebruik het om alle toetsresultate vas te lê. Elke toetsstel het 'n unieke reeksnommer wat eers ingevoer moet word om die geldigheid daarvan te bevestig voordat resultate aangeteken kan word. Deelnemers verskaf dan hul kontakbesonderhede en kies die relevante waterbron (munisipale drinkwater of behandelde rioolwater) uit 'n keuselys.

Die platform lei gebruikers stap vir stap deur elke verlangde toetsresultaat. Alle toetsvelde is verpligtend, en die monster kan nie gestoor word tensy elke resultaat ingevoer is nie. Deelnemers kan ook ekstra inligting aanteken soos waarnemings oor omgewingstoestande, die ligging waar die monster geneem is (dit kan met die hand ingevoer word of die toestel se GPS-funksie word gebruik), en foto's van die toetse wat uitgevoer is.

Die platform ontleed outomaties alle data en merk enige resultate wat die toepaslike perke oorskry. Data wat deur die platform ingedien word, word in 'n sentrale, wolkgebaseerde databasis gestoor wat beperkte toegang bied

vir geverifieerde gebruikers wat die data verder verwerk en hersien. Elke gemerkte resultaat word dan weer nagegaan en geverifieer voordat dit in hierdie verslag ingesluit word.

Waar die verifikasie van 'n drinkwaterresultaat nie-nakoming bevestig het, is die betrokke tak aangeraai om verdere stappe te doen. Dit het ingesluit die neem van nuwe watermonsters vir volledige laboratoriumanalise (waar hulpbronne dit toegelaat het) en/of 'n kennisgewing aan die betrokke munisipaliteit om stappe te doen om die situasie reg te stel.

Hierdie rapporteringsproses verseker dat alle toetsresultate akkuraat vasgelê, veilig gestoor en sistematies saamgevoeg word vir analise in hierdie verslag.



Figuur 3: 'n Watermonster word getoets met AfriForum se veldtoetsstel.

<sup>4</sup> Ibid.

# RESULTATE

## Munisipale drinkwatertoetsresultate


'n Oorsig van die munisipale drinkwaterresultate vir 2025 word in hierdie afdeling aangebied. Die volledige provinsiale resultate vir 2021–2025 verskyn in Bylaag 1. Vorige jare (2013–2020) se resultate kan beskikbaar gestel word op versoek.

Hierdie resultate is slegs van toepassing op die spesifieke tydstip waarop elke watermonster geneem is. Watergehalte kon verander het tussen die datum waarop die monster geneem is en die publikasie van hierdie verslag.


## Nasionale oorsig

- Gedurende Augustus 2025 het AfriForum die munisipale drinkwatergehalte van 175 dorpe en stede in Suid-Afrika getoets, 35 minder as in 2024.
- Oorhoofs was 88% (154 uit 175) van die munisipale drinkwatermonsters veilig vir menslike gebruik, byna onveranderd van 87% in 2024.

Let wel: Data in hierdie verslag is afgerond, dus sal persentasies nie noodwendig optel tot 100 nie.



Figuur 4: Aantal munisipale drinkwatertoetse wat nasionaal uitgevoer is vir 2021–2025



*Figuur 5: Nasionale persentasie veilige munisipale drinkwatertoetse vir 2021–2025*

### **Provinsiale oorsig**


- Alhoewel onveilige munisipale drinkwater in al nege provinsies in 2024 aangeteken is, toon resultate van 2025 dat vier provinsies volle nakoming behaal het, met alle monsters wat veilig was vir menslike gebruik:
  - KwaZulu-Natal (op van 75% tot 100%)
  - Oos-Kaap (op van 88% tot 100%)
  - Limpopo (op van 93% tot 100%)
  - Gauteng (op van 95% tot 100%)
- Verdere verbeterings is opgeteken in:
  - Noord-Kaap (65% tot 80%)
  - Vrystaat (86% tot 89%)
  - Wes-Kaap (93% tot 94%)
- Noordwes s'n het onveranderd gebly op 85%.
- Die enigste provinsie waar prestasie afgeneem het was Mpumalanga, waar 11 uit 35 monsters (31%) onveilige drinkwater aangedui het; 'n afname van 20 persentasiepunte in vergelyking met 2024.
- 'n Opsomming van provinsiale resultate word aangedui in tabel 3 en die kaarte wat volg.




Tabel 3: Vergelyking van provinsiale resultate vir 2024 en 2025 – munisipale drinkwater<sup>5</sup>

| Provinsie        | Toetse (aantal) |            | Veilig (aantal) |            | Onveilig (aantal) |           | Veilig (persentasie) |            | Onveilig (persentasie) |            |
|------------------|-----------------|------------|-----------------|------------|-------------------|-----------|----------------------|------------|------------------------|------------|
|                  | 2024            | 2025       | 2024            | 2025       | 2024              | 2025      | 2024                 | 2025       | 2024                   | 2025       |
| Gauteng          | 22              | 18         | 21              | 18         | 1                 | 0         | 95%                  | 100%       | 5%                     | 0%         |
| KwaZulu-Natal    | 12              | 12         | 9               | 12         | 3                 | 0         | 75%                  | 100%       | 25%                    | 0%         |
| Limpopo          | 15              | 15         | 14              | 15         | 1                 | 0         | 93%                  | 100%       | 7%                     | 0%         |
| Mpumalanga       | 34              | 35         | 30              | 24         | 4                 | 11        | 88%                  | 69%        | 12%                    | 31%        |
| Noord-Kaap       | 20              | 15         | 13              | 12         | 7                 | 3         | 65%                  | 80%        | 35%                    | 20%        |
| Noordwes         | 26              | 20         | 22              | 17         | 4                 | 3         | 85%                  | 85%        | 15%                    | 15%        |
| Oos-Kaap         | 8               | 6          | 7               | 6          | 1                 | 0         | 88%                  | 100%       | 13%                    | 0%         |
| Vrystaat         | 28              | 19         | 24              | 17         | 4                 | 2         | 86%                  | 89%        | 14%                    | 11%        |
| Wes-Kaap         | 45              | 35         | 42              | 33         | 3                 | 2         | 93%                  | 94%        | 7%                     | 6%         |
| <b>Nasionaal</b> | <b>210</b>      | <b>175</b> | <b>182</b>      | <b>154</b> | <b>28</b>         | <b>21</b> | <b>87%</b>           | <b>88%</b> | <b>13%</b>             | <b>12%</b> |

<sup>5</sup> Persentasies in hierdie tabel is afgerond tot die naaste heelgetal. Gevolglik mag dit in sommige gevalle nie optel tot 100% nie.




Figuur 6: Persentasie veilige munisipale drinkwater per provinsie




Figuur 7: Persentasie onveilige munisipale drinkwater per provinsie

**Provinsiale resultate: Gauteng**




*Figuur 8: Aantal munisipale drinkwatertoetse uitgevoer vir 2021–2025: Gauteng*




*Figuur 9: Persentasie veilige/onveilige munisipale drinkwatertoetse uitgevoer vir 2021–2025: Gauteng*

**Provinsiale resultate: KwaZulu-Natal**




Figuur 10: Aantal munisipale drinkwatertoetse uitgevoer vir 2021–2025: KwaZulu-Natal




Figuur 11: Persentasie veilige/onveilige munisipale drinkwatertoetse uitgevoer vir 2021–2025: KwaZulu-Natal

**Provinsiale resultate: Limpopo**




*Figuur 12: Aantal munisipale drinkwatertoetse uitgevoer vir 2021–2025: Limpopo*




*Figuur 13: Persentasie veilige/onveilige munisipale drinkwatertoetse uitgevoer vir 2021–2025: Limpopo*

**Provinsiale resultate: Mpumalanga**




Figuur 14: Aantal munisipale drinkwatertoetse uitgevoer vir 2021–2025: Mpumalanga




Figuur 15: Persentasie veilige/onveilige munisipale drinkwatertoetse uitgevoer vir 2021–2025: Mpumalanga

**Provinsiale resultate: Noord-Kaap**




Figuur 16: Aantal munisipale drinkwatertoetse uitgevoer vir 2021–2025: Noord-Kaap




Figuur 17: Persentasie veilige/onveilige munisipale drinkwatertoetse vir 2021–2025: Noord-Kaap

**Provinsiale resultate: Noordwes**




Figuur 18: Aantal munisipale drinkwatertoetse uitgevoer vir 2021–2025: Noordwes




Figuur 19: Persentasie veilige/onveilige munisipale drinkwatertoetse vir 2021–2025: Noordwes

**Provinsiale resultate: Oos-Kaap**




Figuur 20: Aantal munisipale drinkwatertoetse uitgevoer vir 2021–2025: Oos-Kaap




Figuur 21: Persentasie veilige/onveilige munisipale drinkwatertoetse vir 2021–2025: Oos-Kaap

**Provinsiale resultate: Vrystaat**




Figuur 22: Aantal munisipale drinkwatertoetse uitgevoer vir 2021–2025: Vrystaat




Figuur 23: Persentasie veilige/onveilige munisipale drinkwatertoetse uitgevoer vir 2021–2025: Vrystaat

**Provinsiale resultate: Wes-Kaap**



*Figuur 24: Aantal munisipale drinkwatertoetse uitgevoer vir 2021–2025: Wes-Kaap*



*Figuur 25: Persentasie veilige/onveilige munisipale drinkwatertoetse vir 2021–2025: Wes-Kaap*

## Onveilige munisipale drinkwater

- AfriForum se 2025-toetse het **21 dorpe en stede** geïdentifiseer waar munisipale drinkwater onveilig was vir menslike gebruik ten tyde van toetsing. (Tabel 4)

Tabel 4: Plekke waar munisipale drinkwater **onveilig** was

| PROVINSIE  | MUNISIPALITEIT    | PLEK                      |
|------------|-------------------|---------------------------|
| Mpumalanga | Dipaleseng PM     | Balfour                   |
|            |                   | Greylingstad (Nthorwane)  |
|            | Emakhazeni PM     | Machadodorp (eNtokozweni) |
|            | Emalahleni PM     | Kriel                     |
|            |                   | Ogies                     |
|            |                   | Witbank (eMalahleni)      |
|            | Lekwa PM          | Morgenzon                 |
|            | Msukaligwa PM     | Ermelo                    |
|            | Pixley Ka Seme PM | Amersfoort                |
|            |                   | Volksrust                 |
|            | Steve Tshwete PM  | Hendrina                  |
| Noord-Kaap | Kai !Garib PM     | Keimoes                   |
|            | Kamiesberg PM     | Garies <sup>6</sup>       |
|            | Sol Plaatje PM    | Kimberley                 |
| Noordwes   | Ditsobotla PM     | Lichtenburg               |
|            | Kgetlengrivier PM | Swartruggens              |
|            | Madibeng PM       | Mooiwooi                  |
| Vrystaat   | Ngwathe PM        | Parys                     |
|            | Tokologo PM       | Boshof                    |
| Wes-Kaap   | Hesekwa PM        | Stilbaai                  |
|            | Knysna PM         | Knysna                    |

- Die volgende dorpe en stede het vir die tweede of meer agtereenvolgende jaar onveilige drinkwater aangeteken, wat daarop dui dat daar volgehoue bestuursmislukkings is:
  - Vrystaat:** Parys
  - Mpumalanga:** Amersfoort, Balfour en Greylingstad (Nthorwane)
  - Noord-Kaap:** Kimberley
- Die volgende plekke was veilig in 2024 maar onveilig in 2025, wat 'n afname of afwesigheid van bestuur aandui:
  - Vrystaat:** Boshof
  - Mpumalanga:** Ermelo, Hendrina, Kriel, Machadodorp (eNtokozweni), Morgenzon, Ogies, Volksrust, Witbank (eMalahleni)
  - Noord-Kaap:** Keimoes

<sup>6</sup> Vir die eerste keer getoets in 2025.



- **Noordwes:** Lichtenburg, Mooiooi, Swartruggens
- **Wes-Kaap:** Knysna, Stilbaai
- Die volgende plekke was **onveilig in 2024, maar veilig in 2025**, wat dui op positiewe bestuurveranderinge:
  - **Oos-Kaap:** Cradock (Nxuba)
  - **Vrystaat:** Welkom, Winburg
  - **Gauteng:** Westonaria
  - **KwaZulu-Natal:** Hluhluwe, Pongola, Vryheid
  - **Limpopo:** Warmbad (Bela-Bela)
  - **Mpumalanga:** Wakkerstroom
  - **Noord-Kaap:** Hartswater, Jan Kempdorp, Postmasburg
  - **Noordwes:** Hartbeesfontein (Lethabong), Schweizer-Reneke
  - **Wes-Kaap:** Strand

### Toetsresultate vir behandelde rioolwater

'n Oorsig van die resultate van die toetse vir behandelde rioolwater vir 2025 word in hierdie afdeling aangebied. Die volledige provinsiale resultate vir die jare 2021–2025 verskyn in Bylaag 2. Resultate vir vorige jare (2013–2020)


is op versoek beskikbaar.

Soos met drinkwater, is dit belangrik om daarop te let dat die resultate slegs van toepassing is op die spesifieke tydskop waarop die monsters geneem is. Die kwaliteit van behandelde rioolwater kon dus verander het sedert AfriForum die monsters geneem het en hierdie verslag gepubliseer het.


### Nasionale oorsig

- AfriForum het in Augustus 2025 die gehalte van behandelde rioolwater van 109 rioolsuiweringsaanlegte reg oor Suid-Afrika getoets. Hierdie syfer sluit elf aanlegte uit waar dit nie moontlik was om toetse te doen nie vanweë nie-operasionele infrastruktuur, of waar die betrokke munisipaliteit geweier het om ons spanne toegang te gee tot die stortingspunt.<sup>7</sup>
- Oor die algemeen het 14% van die getoetste rioolsuiweringsaanlegte (15 uit 109) aan die minimum standaard vir veilige storting in 'n waterbron voldoen, terwyl 86% (94 uit 109) behandelde riool vrygestel het wat steeds besoedel was ten tyde van toetsing. Dit verteenwoordig 'n verbetering van een persentasiepunt in vergelyking met 2024, toe 13% van die getoetste aanlegte aan die standaard voldoen het.

<sup>7</sup> Daarbenewens kon geen monster van behandelde afvalwater by Sasolburg-bedrywigheede geneem word nie, aangesien die aanleg as 'n geslote stelsel funksioneer waarin behandelde rioolwater binne die bedrywigheede hergebruik word en geen afvalwater in die omgewing vrygestel word nie.



Figuur 26: Aantal toetse nasionaal gedoen op behandelde rioolwater vir 2021–2025



Figuur 27: Persentasie skoon/besoedelde rioolwater nasionaal getoets vir 2021–2025


### Provinsiale oorsig

- Die 2025-resultate toon dat geen van die rioolsuiweringsaanlegte in die Oos-Kaap, Vrystaat, Gauteng, KwaZulu-Natal, Mpumalanga, of die Noord-Kaap aan die vereiste stortingstandaarde voldoen het nie. Dit beteken dat 100% van die rioolsuiweringsaanlegte wat getoets is besoedelde water in riviëre gestort het.
- Gedeeltelike nakoming is aangeteken in:
  - Limpopo (18% skoon; 2 van 11 aanlegte)
  - Noordwes (22% skoon; 4 van 18 aanlegte)
  - Wes-Kaap (29% skoon; 9 van 31 aanlegte)
- Ten spyte daarvan dat die Wes-Kaap steeds beter presteer in vergelyking met die ander provinsies, het meer as twee derdes (71%) van die provinsie se getoetste rioolaanlegte steeds besoedelde water in riviëre gestort.


Tabel 5: Vergelyking van 2024 en 2025 se provinsiale resultate – behandelde afvalwater<sup>8</sup>

| Provinsie        | TOETSE (AANTAL) |            | SKOON (AANTAL) |           | BESOEDEL (AANTAL) |           | SKOON (PERSENTASIE) |            | BESOEDEL (PERSENTASIE) |            |
|------------------|-----------------|------------|----------------|-----------|-------------------|-----------|---------------------|------------|------------------------|------------|
|                  | 2024            | 2025       | 2024           | 2025      | 2024              | 2025      | 2024                | 2025       | 2024                   | 2025       |
| Gauteng          | 19              | 14         | 4              | 0         | 15                | 14        | 21%                 | 0%         | 79%                    | 100%       |
| KwaZulu-Natal    | 8               | 6          | 0              | 0         | 8                 | 6         | 0%                  | 0%         | 100%                   | 100%       |
| Limpopo          | 11              | 11         | 0              | 2         | 11                | 9         | 0%                  | 18%        | 100%                   | 82%        |
| Mpumalanga       | 18              | 13         | 0              | 0         | 18                | 13        | 0%                  | 0%         | 100%                   | 100%       |
| Noord-Kaap       | 15              | 7          | 1              | 0         | 14                | 7         | 7%                  | 0%         | 93%                    | 100%       |
| Noordwes         | 23              | 18         | 1              | 4         | 22                | 14        | 4%                  | 22%        | 96%                    | 78%        |
| Oos-Kaap         | 5               | 3          | 0              | 0         | 5                 | 3         | 0%                  | 0%         | 100%                   | 100%       |
| Vrystaat         | 13              | 6          | 0              | 0         | 13                | 6         | 0%                  | 0%         | 100%                   | 100%       |
| Wes-Kaap         | 38              | 31         | 14             | 9         | 24                | 22        | 37%                 | 29%        | 63%                    | 71%        |
| <b>Nasionaal</b> | <b>150</b>      | <b>109</b> | <b>20</b>      | <b>15</b> | <b>130</b>        | <b>94</b> | <b>13%</b>          | <b>14%</b> | <b>87%</b>             | <b>86%</b> |

<sup>8</sup> Persentasies in hierdie tabel is afgerond tot die naaste heelgetal. Gevolglik mag dit in sommige gevalle nie optel tot 100% nie.




Figuur 28: Persentasie skoon behandelde riooltoetse per provinsie




Figuur 29: Persentasie besoedelde behandelde riooltoetse per provinsie

**Provinsiale resultate: Gauteng**




*Figuur 30: Aantal toetse gedoen op behandelde rioolwater vir 2021–2025: Gauteng*




*Figuur 31: Persentasie skoon/besoedelde rioolwater getoets vir 2021–2025: Gauteng*

**Provinsiale resultate: KwaZulu-Natal**




Figuur 32: Aantal toetse gedoen op behandelde rioolwater vir 2021–2025: KwaZulu-Natal




Figuur 33: Persentasie skoon/besoedelde rioolwater getoets vir 2021–2025: KwaZulu-Natal

**Provinsiale resultate: Limpopo**




Figuur 34: Aantal toetse gedoen op behandelde rioolwater vir 2021–2025: Limpopo




Figuur 35: Persentasie skoon/besoedelde rioolwater getoets vir 2021–2025: Limpopo

**Provinsiale resultate: Mpumalanga**




Figuur 36: Aantal toetse gedoen op behandelde rioolwater vir 2021–2025: Mpumalanga




Figuur 37: Persentasie skoon/besoedelde rioolwater getoets vir 2021–2025: Mpumalanga

**Provinsiale resultate: Noord-Kaap**




*Figuur 38: Aantal toetse gedoen op behandelde rioolwater vir 2021–2025: Noord-Kaap*




*Figuur 39: Persentasie skoon/besoedelde rioolwater getoets vir 2021–2025: Noord-Kaap*

**Provinsiale resultate: Noordwes**




*Figuur 40: Aantal toetse gedoen op behandelde rioolwater vir 2021–2025: Noordwes*




*Figuur 41: Persentasie skoon/besoedelde rioolwater getoets vir 2021–2025: Noordwes*

**Provinsiale resultate: Oos-Kaap**




Figuur 42: Aantal toetse gedoen op behandelde rioolwater vir 2021–2025: Oos-Kaap




Figuur 43: Persentasie skoon/besoedelde rioolwater getoets vir 2021–2025: Oos-Kaap

**Provinsiale resultate: Vrystaat**




Figuur 44: Aantal toetse gedoen op behandelde rioolwater vir 2021–2025: Vrystaat




Figuur 45: Persentasie skoon/besoeelde rioolwater getoets vir 2021–2025: Vrystaat

**Provinsiale resultate: Wes-Kaap**



Figuur 46: Aantal toetse gedoen op behandelde rioolwater vir 2021–2025: Wes-Kaap



Figuur 47: Persentasie skoon/besoedelde rioolwater getoets vir 2021–2025: Wes-Kaap

### ***Riolsuiweringsaanlegte wat skoon afvalwater afvoer***

- Terwyl die oorgrote meerderheid (86%) van AfriForum se 2025-toetse aangedui het dat besoedelde afvalwater in riviere gestort word, verdien die 15 uit 109 aanlegte (14%) waar behandelde rioolafvalwater aan die minimum standaard vir veilige storting in 'n waterbron voldoen het, 'n klop op die skouer. Hierdie resultate dui daarop dat doeltreffende bestuursmaatreëls by hierdie aanlegte in plek is om voldoening aan minimum stortingstandaarde te verseker. Die 15 aanlegte is:
  - **Limpopo:** Naboomspruit (Mookgophong), Tzaneen
  - **Noordwes:** Coligny, Potchefstroom, Stilfontein, Ventersdorp
  - **Wes-Kaap:** Bellville, Bitterfontein, Klawer, Lutzville, Montagu, Nuwerus, Riversdal, Stellenbosch, Worcester
- Merkbare verbeterings sedert 2024, waar storting nou aan uitlaatstandaarde voldoen ná vorige nie-nakoming, sluit in:
  - **Limpopo:** Naboomspruit (Mookgophong), Tzaneen
  - **Noordwes:** Coligny, Stilfontein, Ventersdorp
  - **Wes-Kaap:** Montagu, Stellenbosch, Worcester
- Selfs meer noemenswaardig is die riolsuiweringsaanlegte waar AfriForum se toetse vir twee of meer opeenvolgende jare aangedui het dat daar aan stortingstandaarde voldoen word:

- **Noordwes:** Potchefstroom
- **Wes-Kaap:** Bellville, Bitterfontein, Klawer, Lutzville, Nuwerus

### ***Dalende prestasie van sekere riolsuiweringsaanlegte***

- Die volgende plekke het skoon afvalwater in 2024 gestort, maar besoedelde afvalwater in 2025, wat dui op 'n afname in of gebrek aan bestuur:
  - **Gauteng:** Pretoria-Wes (Daspoort)
  - **Wes-Kaap:** Darling, De Doorns, Vredendal

### ***Onuitvoerbare toetse***

- Toetsing was nie moontlik by die elf riolsuiweringsaanlegte soos uiteengesit in tabel 6 hieronder nie.
- Ten tyde van AfriForum se besoek het geen riool in die Groblersdal-riolsuiweringsaanleg (Limpopo) gevloei nie as gevolg van pompstasies wat gefaal het. Dit het dit onmoontlik gemaak om monsters te neem. Onbehandelde riool vloei direk in die Olifantsrivier as gevolg van hierdie pompe wat nie funksioneer nie.
- Ten spyte van AfriForum se beste pogings om met die betrokke munisipaliteite saam te werk en toestemming te verkry, is toegang tot stortingspunte by die oorblywende tien riolsuiweringsaanlegte geweier.



Tabel 6: Riolsuiweringsaanlegte waar toetse onuitvoerbaar was in 2025

| PROVINSIE | MUNISIPALITEIT      | RIOOLSUIWERINGS-AANLEG      | REDE                        |
|-----------|---------------------|-----------------------------|-----------------------------|
| Gauteng   | Ekurhuleni-metro    | Erwat Actonville (Benoni)   | Toegang geweier             |
|           |                     | Erwat Northmead (Benoni)    |                             |
|           |                     | Erwat Jan Smuts (Brakpan)   |                             |
| Limpopo   | Elias Motsoaledi PM | Grobblersdal                | Aanleg nie operasioneel nie |
| Noordwes  | Stad Matlosana PM   | Hartbeesfontein (Lethabong) | Toegang geweier             |
|           |                     | Klerksdorp                  |                             |
|           |                     | Orkney                      |                             |
| Vrystaat  | Dihlabeng PM        | Bethlehem                   | Toegang geweier             |
|           | Mafube PM           | Frankfort                   |                             |
|           | Moghake PM          | Kroonstad                   |                             |
|           | Matjhabeng PM       | Welkom                      |                             |



# BESPREKING VAN RESULTATE

## Oorsig van nasionale tendense

Die resultate van AfriForum se 2025 watergehalteverslag toon die toestand van Suid-Afrika se munisipale drinkwater en behandelde afvalwater ten tyde van toetsing. Die resultate toon oorhoofse stabiliteit in vergelyking met 2024, maar dit is duidelik dat daar skerp kontraste bestaan tussen drinkwaterveiligheid en rioolbehandelingsprestasie.

Op nasionale vlak het 88% van munisipale drinkwatermonsters aan die vereistes vir veilige menslike gebruik voldoen, terwyl 12% nie daaraan voldoen het nie. Alhoewel hierdie voldoeningskoers bemoedigend lyk, beteken dit steeds dat een uit elke agt Suid-Afrikaners wat water uit 'n munisipale stelsel verkry, moontlik water ontvang het wat akute gesondheidsrisiko's ingehou het.

In teenstelling hiermee bly die resultate vir behandelde afvalwater kommerwekkend. Van die 109 rioolsuiweringsaanlegte wat getoets is, het slegs 14% skoon afvalwater geproduseer wat aan die minimum standaard vir uitlating in 'n waterbron voldoen het, terwyl 86% besoedelde water vrygestel het. Hierdie vlak van nie-nakoming weerspieël 'n volgehoue nasionale krisis in afvalwaterbestuur, met ernstige implikasies vir riviere, damme en stroomafgebruikers.

As die resultate saam beskou word, is dit duidelik dat hoewel die meeste munisipaliteite steeds veilige drinkwater verskaf, baie min van hulle in staat is om afvalwater voldoende te behandel. Dit plaas die land se algehele watersekerheid toenemend onder druk.

## Gehalte van munisipale drinkwater

AfriForum se 2025-steekproef van 175 munisipale waterstelsels het bevind dat 88% van die getoetste drinkwater aan wetlike standaard vir veilige menslike gebruik voldoen het. As in ag geneem word dat daar 958

munisipale watervoorsieningstelsels in Suid-Afrika is, lewer hierdie steekproef 'n statistiese steekproeffout van ongeveer  $\pm 4,4\%$  teen 'n 95%-vertrouensvlak.

Prakties gesproke – as alle stelsels getoets sou kon word – sal die nasionale voldoeningskoers na verwagting tussen 84% en 92% wissel. Dit bevestig oorhoofse stabiliteit in die veiligheid van drinkwater, maar toon ook dat 'n aansienlike deel van Suid-Afrikaners blootgestel kan word aan water wat nie aan verpligte gesondheidsstandaarde voldoen nie.

Volgens die DWS se Water Services Knowledge System (WSKS) vir 2025 tot op hede, is nasionale voldoeningsvlakke hoër.<sup>9</sup> Gebaseer op 68 074 chemiese ontledings, waarvan 897 misluk het, staan die nasionale voldoeningskoers vir akute gesondheidsparameters (chemies) op 98,68%. Vir akute gesondheidsparameters (mikrobiologies) is 79 494 ontledings uitgevoer, met 3 204 mislukkinge, wat 'n voldoeningskoers van 95,97% tot gevolg gehad het.

Alhoewel AfriForum se resultate van 'n kleiner steekproef afgelei is, dui beide datastelle daarop dat daar oor die algemeen goeie drinkwatergehalte op nasionale vlak is, met areas van nie-nakoming wat potensiële gesondheidsrisiko's inhou.

Ten spyte van die nasionale nakomingsyfer wat oor die algemeen hoog is, presteer 'n aantal munisipaliteite steeds ver onder die nasionale gemiddelde. Onder die munisipaliteite waar AfriForum se 2025-toetse onveilige drinkwater gevind het, teken die WSKS die mikrobiologiese nakomingsvlakke vir hierdie munisipaliteite in 2025 aan soos uiteengesit in tabel 7 hieronder.

Kragtens die Waterdienstewet 108 van 1997 en die Norme en Standaarde vir Waterdienste (2017) is daar 'n wetlike verpligting om drinkwatergehalteresultate te monitor en

<sup>9</sup> Departement van Water en Sanitasie (Suid-Afrika). (n.d.) *Water Services Knowledge System: Municipal Water Supply Systems*. Besikbaar by: <https://ws.dws.gov.za/wsks/DefaultList.aspx?SubjectAreaID=4&DataTopicDetailID=101&DisplayTypeID=1&PerspectiveID=0&LvIID=10&DataTopicID=18> (Geraadpleeg op 29 Oktober 2025).

aan die DWS te rapporteer. Ten spyte hiervan versuim sommige munisipaliteite om data in te dien of gereelde toetse uit te voer. In 2025 het drie munisipaliteite waar AfriForum se monsterneming onveilige drinkwater

geïdentifiseer het (Kai! Garib, Ditsobotla en Kgetlengrivier) geen mikrobiologiese nakomingsdata aan die WSKS gerapporteer nie.

Tabel 7: Vergelyking van AfriForum se 2025

onveilige drinkwaterresultate en munisipale mikrobiologiese nakomingsvlakke vir drinkwater deur WSKS gerapporteer

| PROVINSIE       | MUNISIPALITEIT       | PLEK GETOETS DEUR AFRIFORM         | AFRIFORM-RESULTAAT | MIKROBIOLOGIESE NAKOMING (WSKS 2025) |
|-----------------|----------------------|------------------------------------|--------------------|--------------------------------------|
| Mpumalanga      | Dipaleseng PM        | Balfour; Greylingstad (Nthorwane)  | Onveilig           | 56,52%                               |
|                 | Emakhazeni PM        | Machadodorp (eNtokozweni)          | Onveilig           | 97,31%                               |
|                 | Emalahleni PM        | Kriel; Ogies; Witbank (eMalahleni) | Onveilig           | 92,95%                               |
|                 | Lekwa PM             | Morgenzon                          | Onveilig           | 87,50%                               |
|                 | Msukaligwa PM        | Ermelo                             | Onveilig           | 78,89%                               |
|                 | Pixley Ka Seme PM    | Amersfoort; Volksrust              | Onveilig           | 50,55%                               |
|                 | Steve Tshwete PM     | Hendrina                           | Onveilig           | 95,44%                               |
| Noord-Kaap      | Kai !Garib PM        | Keimoes                            | Onveilig           | Geen data                            |
|                 | Kamiesberg PM        | Garies                             | Onveilig           | 98,28%                               |
|                 | Sol Plaatje PM       | Kimberley                          | Onveilig           | 99,94%                               |
| Noordwes        | Ditsobotla PM        | Lichtenburg                        | Onveilig           | Geen data                            |
|                 | Kgetlengrivier PM    | Swartruggens                       | Onveilig           | Geen data                            |
|                 | Madibeng PM          | Mooiwooi                           | Onveilig           | 93,82%                               |
| Vrystaat        | Ngwathe PM           | Parys                              | Onveilig           | 75,82%                               |
|                 | Tokoloko PM          | Boshof                             | Onveilig           | 40,00%                               |
| Wes-Kaap        | Hesekwa PM           | Stilbaai                           | Onveilig           | 97,28%                               |
|                 | Knysna PM            | Knysna                             | Onveilig           | 98,26%                               |
| <b>SLEUTEL</b>  | <b>NAKOMINGSVLAK</b> |                                    |                    |                                      |
| Uitstekend      | 99%                  |                                    |                    |                                      |
| Goed            | 97%                  |                                    |                    |                                      |
| Kort aandag     | 95%                  |                                    |                    |                                      |
| Ingryping nodig | <95%                 |                                    |                    |                                      |

### Gehalte van behandelde afvalwater

AfriForum se 2025-toetsing het 109 munisipale rioolsuiweringsaanlegte ingesluit, waarvan slegs 14% uitlating geproduseer het wat voldoen het aan die wetlike standarde vir veilige uitlating in 'n waterbron. As in ag geneem word dat daar 867 munisipale rioolsuiweringsaanlegte in Suid-Afrika is, lewer hierdie steekproef 'n statistiese steekproeffout van ongeveer ±6% teen 'n 95%-vertrouensvlak. As alle aanlegte getoets word, sal die nasionale

nakomingskoers waarskynlik tussen 8% en 20% wissel. Hierdie resultate dui op 'n volgehoue lae vlak van nakoming in munisipale afvalwaterbehandeling reg oor die land.

Volgens die DWS se Water Services Knowledge System (WSKS) vir 2025 soos wat dit tans daar uitsien, staan die nasionale voldoeningskoers vir mikrobiologiese akute gesondheidsparameters op 59,99%, gebaseer op 17 678 ontledings, waarvan 7 073 misluk het.<sup>10</sup> Alhoewel hierdie nasionale syfer aansienlik hoër is as AfriForum

<sup>10</sup> Ibid.

se aangetekende voldoening van 14%, toon beide datastelle dieselfde patroon van ongelyke en oor die algemeen swak prestasie in die meeste provinsies.

Provinsiale mikrobiologiese nakomingsvlakke soos gerapporteer op die WSKS word in tabel 8 hieronder aangedui.

*Tabel 8: Vergelyking van AfriForum se 2025 provinsiale toetsresultate vir behandelde afvalwater en mikrobiologiese nakomingsvlakke vir behandelde afvalwater gerapporteer op WSKS*

| PROVINSIE     | AFRIFORUM-RESULTAAT | MIKROBIOLOGIESE NAKOMING (WSKS 2025) |
|---------------|---------------------|--------------------------------------|
| Gauteng       | 0,00%               | 72,87%                               |
| KwaZulu-Natal | 0,00%               | 65,99%                               |
| Limpopo       | 18,18%              | 38,38%                               |
| Mpumalanga    | 0,00%               | 19,54%                               |
| Noord-Kaap    | 0,00%               | 41,46%                               |
| Noordwes      | 22,22%              | 62,66%                               |
| Oos-Kaap      | 0,00%               | 40,63%                               |
| Vrystaat      | 0,00%               | 41,31%                               |
| Wes-Kaap      | 29,03%              | 60,82%                               |
| SLEUTEL       | NAKOMINGSVLAK       |                                      |
| Uitstekend    | 90–100%             |                                      |
| Aanvaarbaar   | 80–<90%             |                                      |
| Gemiddeld     | 50–<80%             |                                      |
| Swak          | 31–<50%             |                                      |
| Baie swak     | 0–<31%              |                                      |

Alhoewel die numeriese resultate van AfriForum s'n verskil, bly die tendens konsekwent: Provinsies soos Mpumalanga, Limpopo en die Vrystaat toon steeds kritiek lae vlakke van nakoming, terwyl Gauteng, Noordwes en die Wes-Kaap ietwat beter presteer, maar steeds nie volle nakoming bereik nie. Hierdie ooreenstemming tussen AfriForum se onafhanklike toetsing en DWS se amptelike data versterk die betroubaarheid van die onderliggende tendens: dat die meeste rioolsuiweringsaanlegte nie aan die mikrobiologiese standaarde vir veilige uitlating voldoen nie.

Nakomingsresultate weerspieël egter slegs die gehalte van toetse wat uitgevoer is. Die vlak van monitering van nakoming op die

WSKS bied verdere konteks deur aan te dui of munisipaliteite die vereiste aantal toetse uitvoer. In 2025 is volle moniteringsnakoming (100%) bereik in die Oos-Kaap, KwaZulu-Natal, Mpumalanga, Noordwes en die Wes-Kaap. In teenstelling hiermee, soos in tabel 9 hieronder getoon, het verskeie provinsies nie aan die vereiste toetsfrekwensie voldoen nie.

*Tabel 9: Moniteringsnakomingsvlakke in provinsies in 2025*

| PROVINSIE  | MONITERINGSNAKOMING (WSKS 2025) |
|------------|---------------------------------|
| Gauteng    | 87,51%                          |
| Limpopo    | 71,71%                          |
| Noord-Kaap | 90,44%                          |
| Vrystaat   | 39,44%                          |

Lae moniteringsnakoming beteken dat minder toetse uitgevoer word as wat vereis word. Dit skep datagapings wat die ware stand van afvalwaterbehandeling in daardie provinsies kan verberg.

Hierdie datagapings word veral duidelik in die geval van die 11 rioolsuiweringsaanlegte

waar AfriForum nie toetse kon uitvoer nie as gevolg van óf geweierde toegang óf nie-operasionele infrastruktuur. Die mikrobiologiese nakomingsvlakke vir hierdie aanlegte soos aangeteken op die DWS se Geïntegreerde Regulatoriese Inligtingstelsel (IRIS) word in tabel 10 hieronder uiteengesit.<sup>11</sup>

*Tabel 10: Mikrobiologiese nakomingsvlakke van rioolsuiweringsaanlegte waar AfriForum nie toetse kon uitvoer in 2025 nie*

| PROVINSIE   | MUNISIPALITEIT      | RIOOLSUIWERINGS-AANLEG      | MIKROBIOLOGIESE NAKOMING (IRIS 2025) |
|-------------|---------------------|-----------------------------|--------------------------------------|
| Gauteng     | Ekurhuleni-metro    | Erwat Actonville (Benoni)   | 95,10%                               |
|             |                     | Erwat Northmead (Benoni)    | 66,60%                               |
|             |                     | Erwat Jan Smuts (Brakpan)   | 89,90%                               |
| Limpopo     | Elias Motsoaledi PM | Groblersdal                 | 20,00%                               |
| Noordwes    | Stad Matlosana PM   | Hartbeesfontein (Lethabong) | 0,00%                                |
|             |                     | Klerksdorp                  | 0,00%                                |
|             |                     | Orkney                      | 0,00%                                |
| Vrystaat    | Dihlabeng PM        | Bethlehem                   | 0,00%                                |
|             | Mafube PM           | Frankfort                   | 0,00%                                |
|             | Matjhabeng PM       | Welkom                      | 66,70%                               |
|             | Moqhaka PM          | Kroonstad                   | 18,20%                               |
| SLEUTEL     | NAKOMINGS-VLAK      |                             |                                      |
| Uitstekend  | 90–100%             |                             |                                      |
| Aanvaarbaar | 80–<90%             |                             |                                      |
| Gemiddeld   | 50–<80%             |                             |                                      |
| Swak        | 31–<50%             |                             |                                      |
| Baie sleg   | 0–<31%              |                             |                                      |

Die uiteenlopende vlak van voldoening tussen hierdie aanlegte, van 0% tot bo 90%, wys duidelik waarom beperkte toegang en wisselvallige rapportering problematies is. In gevalle waar AfriForum verhoed is om monsters te neem, of waar aanlegte nie in werking was nie, wys amptelike rekords nie die volledige prentjie nie. In verskeie gevalle, soos Hartbeesfontein, Klerksdorp, Orkney en Frankfort, bevestig die aangetekende

voldoening van 0% dat onbehandelde of swak behandelde riool waarskynlik steeds in riviere gestort word.

Hierdie teenstrydighede beklemtoon hoe belangrik onafhanklike verifiëring is: As daar nie parallelle kontrolering plaasvind nie kan leemtes in amptelike data die werklike omvang van afvalwaterbesoedeling reg oor die land verberg.

<sup>11</sup> Departement van Water and Sanitasie (Suid-Afrika). (n.d.) *Integrated Regulatory Information System (IRIS): My River*. Beskikbaar by: <https://ws.dws.gov.za/IRIS/myriver.aspx?c2VvcD0xJnNob3dfYWxsPTE=> (Geraadpleeg op 29 Oktober 2025).

## **Geïntegreerde tendense en langtermynpatrone (2021–2025)**

As 'n mens na AfriForum se 2025-resultate vir sowel munisipale drinkwater as behandelde afvalwater kyk, toon dit 'n gemengde prentjie. Die meeste munisipaliteite lewer steeds drinkwater wat aan nasionale veiligheidstandaarde voldoen, terwyl die behandeling van afvalwater in byna elke provinsie steeds ernstig tekort skiet.

### ***Gekombineerde prestasie vir 2025***

Vier provinsies het in 2025 100%-voldoening vir drinkwater behaal: KwaZulu-Natal, Oos-Kaap, Limpopo en Gauteng. Onder hierdie het slegs Limpopo enige rioolsuiweringsaanlegte aangeteken wat skoon afvalwater produseer (18%- voldoening), terwyl AfriForum se toetse in die ander drie provinsies bevind het dat nie een van die aanlegte waar monsters geneem is aan die minimum stortingstandaarde voldoen het nie.

Die Wes-Kaap staan uit as die enigste provinsie wat relatief goed presteer het in beide kategorieë, met 94% van drinkwatermonsters wat veilig is en 29% van rioolsuiweringsaanlegte wat voldoen aan die nodige vereistes. In teenstelling hiermee bly Mpumalanga die swakste presteerder oor die algemeen, met 69% van drinkwatertoetse wat veilig is en geeneen van die rioolsuiweringsaanlegte wat aan mikrobiologiese standaarde voldoen nie.

Baie min gebiede buite die Wes-Kaap het goeie resultate in beide kategorieë behaal. Op munisipale vlak is Tzaneen, Naboomspruit (Mookgophong), Potchefstroom, Stilfontein en Ventersdorp van die min plekke wat veilige drinkwater en voldoende behandelde afvalwater gehandhaaf het, wat wys dat effektiewe

bestuur selfs onder uitdagende toestande moontlik is.

### ***Meerjarige tendense (2021–2025)***

Die resultate oor die vyfjaarperiode van 2021 tot 2025 toon stabiliteit in nasionale drinkwaterveiligheid, met jaarlikse voldoeningskoerse wat wissel tussen 98% en 87%. Dit dui daarop dat die meeste munisipale watervoorsieningstelsels 'n basiese bedryfstandaard handhaaf, hoewel prestasie afwaarts neig en 'n beduidende deel van die bevolking steeds die risiko loop om aan onveilige water blootgestel te word.

In teenstelling hiermee het rioolbehandelingsprestasie min verbetering getoon. Sedert 2021 het voldoeningsvlakke vir behandelde afvalwater elke jaar onder 20% gebly. Oor die afgelope vyf jaar het die Vrystaat en Oos-Kaap nie 'n enkele geval van voldoende behandelde rioolafvalwater in enige van AfriForum se jaarlikse toetse aangeteken nie. Hierdie patroon dui op 'n diepgewortelde mislukking in rioolbehandeling oor groot dele van die land, wat lei tot die voortdurende besoedeling van riviere en damme.

As die twee stelde data met mekaar vergelyk word, bevestig dit dat Suid-Afrika se waterveiligheidsuitdaging tweeledig is: Hoewel die meeste munisipaliteite steeds drinkwater kan verskaf wat aan wetlike standaarde voldoen, is daar baie min munisipaliteite wat afvalwater kan behandel tot op 'n vlak wat verhoed dat hul waterbronne besoedel word – dieselfde waterbronne waarvan hierdie munisipaliteite afhanklik is. Die wanbalans tussen inset- en uitsetgehalte is steeds die mees kritieke swakpunt in die land se waterbestuurstelsel.


## GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

Suid-Afrika het 'n diepgewortelde waterkrisis en daar is weinig vordering in die rigting van blywende oplossings. Die patroon van stagnasie oor die afgelope vyf jaar toon dat stabiliteit nie noodwendig gelyk is aan volhoubaarheid nie. Suid-Afrika se waterstelsel blyk op die oppervlak bestendig te bly, maar onder die oppervlak veroorsaak onbehandelde riool steeds dat die basis van watersekerheid weggevreet word.

Terwyl die meeste munisipaliteite steeds drinkwater lewer wat aan minimum veiligheidsstandaarde voldoen, is daar 'n toenemende aantal gemeenskappe wat blootgestel word aan onveilige water.

Terselfdertyd bly rioolsuiweringsaanlegte wat nie na behore funksioneer nie die riviere en damme besoedel wat die meeste van die land se drinkwater voorsien. Die gehalte van drinkwater hang uiteindelik af van die toestand van die natuurlike bronne waaruit dit ontstaan. Wanneer riviere en damme besoedel word deur onbehandelde riool, neem die vermoë van watersuiweringsaanlegte om skoon drinkwater te verskaf skerp af.

Hierdie besoedeling skep 'n bouse kringloop wat behandelingskoste die hoogte laat inskiet, die risiko van watergedraagde siektes verhoog en die varswater-ekosisteme wat reeds broos is verder verswak.



Figuur 48: Skoon in, vuil uit: Suid-Afrika se munisipale waterstelselwanbalans

Chroniese munisipale wanbestuur vorm die kern van die probleem. Baie munisipaliteite het eenvoudig nie die kapasiteit, befondsing en tegniese kundigheid om bestaande infrastruktuur in stand te hou nie, wat nog te sê die uitbreiding daarvan om aan die toenemende

vraag te voldoen. Swak koördinerings tussen plaaslike, provinsiale en nasionale regering dra by tot die krisis. Die gevolg is 'n groeiende gaping tussen die grondwetlike belofte van toegang tot skoon water en dit wat miljoene Suid-Afrikaners daaglik ervaar.

Alhoewel die Departement van Water en Sanitasie toegee dat daar ernstige probleme is, is die regering se reaksie stadig en ongestruktureerd. Die omvang van die krisis het te groot geword vir die regering om op sy eie op te los. Dienslewering bly agteruitgaan, infrastruktuur bly misluk, en daar bestaan steeds 'n gebrek aan aanspreeklikheid.

AfriForum glo dat die enigste lewensvatbare roete vorentoe in sterker plaaslike aksie en gemeenskapselstandigheid lê. Deur sy watergehaltewaarnemingsprojek stel AfriForum gemeenskappe in staat om plaaslike watergehalte onafhanklik te monitor, bevindinge met munisipaliteite te deel, en verantwoordbaarheid te eis. Waar munisipaliteite faal, moet gemeenskappe gereed en toegerus wees om op te tree.

AfriForum sal voortgaan om

- saam te werk met munisipaliteite wat bereid is om deursigtig te werk te gaan om nakoming te herstel;
- skriftelike aksieplanne van munisipaliteite aan te vra in gevalle waar toetse aandui dat water onveilig of besoedel is;
- tegniese leiding en ondersteuning aan te bied waar daar 'n tekort aan kapasiteit is; en
- gemeenskapsgedrewe inisiatiewe te vestig, soos noodwaterpunte en

herstelprojekte vir munisipale infrastruktuur soos boorgate en pompe.

Suid-Afrika se waterkrisis hou nou 'n groter bedreiging in as die land se energiekrisis omdat dit in der waarheid lewensbedreigend is. Hierdie verslag moet as 'n waarskuwing dien dat dringende aksie nodig is om die algehele ineenstorting van munisipale water- en sanitasiedienste te verhoed.

Oplaas hang Suid-Afrika se watersekerheid in die weegskaal. Die regering se versuim om sy grondwetlike plig na te kom om waterbronne te beskerm en te bestuur, het 'n direkte en skadelike impak op gemeenskappe. Die land se watertoekoms sal dus afhang van hoe die verantwoordelikheid daarvoor gedeel word tussen die regering en die mense wat van die regering afhanklik is hiervoor. Gemeenskappe moet aktiewe bewaarders word van die stelsels wat hulle onderhou. Onafhanklike monitering, soos AfriForum se watergehalteverslag, help om deursigtigheid te bewerkstellig. Dit bring duidelikheid oor die stand van Suid-Afrika se watergehalte en gee gemeenskappe die geleentheid om hul stem te laat hoor oor die veiligheid van hul belangrikste hulpbron: water.

As jy wil deelneem aan AfriForum se watergehaltewaarnemingsprojek en die water in jou gemeenskap wil laat toets, kontak ons by [diens@afriforum.co.za](mailto:diens@afriforum.co.za).

*Figuur 49: 'n Noodwaterpunt wat deur AfriForum se Naboomspruit-tak opgerig is*



## Bylaag 1: Volledige resultate vir die gehalte van munisipale drinkwater (2021–2025)

Tabel 11: Toetsresultate – Munisipale drinkwater: Gauteng (2021–2025)

| Plek            | Munisipaliteit     | 2021   | 2022   | 2023   | 2024     | 2025   |
|-----------------|--------------------|--------|--------|--------|----------|--------|
| <b>Gauteng</b>  |                    |        |        |        |          |        |
| Alberton        | Ekurhuleni-metro   | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Benoni          | Ekurhuleni-metro   | Veilig | Veilig | Veilig |          |        |
| Boksburg        | Ekurhuleni-metro   | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   |        |
| Brakpan         | Ekurhuleni-metro   | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Bronkhorstspuit | Tshwane-metro      | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   |        |
| Centurion       | Tshwane-metro      | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Cullinan        | Tshwane-metro      | Veilig | Veilig | Veilig |          |        |
| Edenvale        | Ekurhuleni-metro   | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Fochville       | Merafong City PM   | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Germiston       | Ekurhuleni-metro   | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Heidelberg      | Lesedi PM          | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Kempton Park    | Ekurhuleni-metro   | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Krugersdorp     | Mogale City PM     | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Lochvaal        | Emfuleni PM        | Veilig | Veilig |        |          |        |
| Magaliesburg    | Mogale City PM     | Veilig | Veilig |        |          |        |
| Meyerton        | Midvaal PM         | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Pretoria-Noord  | Tshwane-metro      | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Pretoria-Oos    | Tshwane-metro      | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Pretoria-Wes    | Tshwane-metro      | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Randburg        | Johannesburg-metro | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Randfontein     | Rand West City PM  | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Roodepoort      | Johannesburg-metro | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   |        |
| Springs         | Ekurhuleni-metro   | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   |        |
| Vanderbijlpark  | Emfuleni PM        | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Vereeniging     | Emfuleni PM        | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Westonaria      | Rand West City PM  | Veilig | Veilig | Veilig | Onveilig | Veilig |
|                 | <b>Getoets</b>     | 26     | 26     | 24     | 22       | 18     |
|                 | <b>Veilig</b>      | 26     | 26     | 24     | 21       | 18     |
|                 | <b>Onveilig</b>    | 0      | 0      | 0      | 1        | 0      |

Tabel 12: Toetsresultate – Munisipale drinkwater: KwaZulu-Natal (2021–2025)

| Plek                      | Munisipaliteit   | 2021   | 2022   | 2023     | 2024     | 2025   |
|---------------------------|------------------|--------|--------|----------|----------|--------|
| <b>KwaZulu-Natal</b>      |                  |        |        |          |          |        |
| Amanzimtoti (eManzimtoti) | eThekweni-metro  | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig |
| Dundee                    | Endumeni PM      |        |        | Veilig   | Veilig   | Veilig |
| Durban                    | eThekweni-metro  |        |        | Veilig   |          | Veilig |
| Hluhluwe                  | Big 5 Hlabisa PM | Veilig | Veilig | Veilig   | Onveilig | Veilig |
| Margate                   | Ray Nkonyeni PM  | Veilig | Veilig |          | Veilig   | Veilig |
| Newcastle                 | Newcastle PM     | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig |
| Nottingham Road           | uMgungundlovu DM |        | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig |
| Paulpietersburg           | eDumbe PM        | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig |
| Pinetown                  | eThekweni-metro  |        | Veilig |          |          |        |
| Pongola                   | uPongola PM      | Veilig | Veilig | Veilig   | Onveilig | Veilig |
| Ramsgate                  | Ray Nkonyeni PM  |        |        | Veilig   | Veilig   |        |
| Richardsbaai              | uMhlathuze PM    | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig |
| Utrecht                   | eMadlangeni PM   | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig |
| Vryheid                   | Abaqulusi PM     | Veilig | Veilig | Onveilig | Onveilig | Veilig |
|                           | <b>Getoets</b>   | 9      | 11     | 12       | 12       | 12     |
|                           | <b>Veilig</b>    | 9      | 11     | 11       | 9        | 12     |
|                           | <b>Onveilig</b>  | 0      | 0      | 1        | 3        | 0      |

Tabel 13: Toetsresultate – Munisipale drinkwater: Limpopo (2021–2025)

| Plek                       | Munisipaliteit           | 2021   | 2022   | 2023   | 2024     | 2025   |
|----------------------------|--------------------------|--------|--------|--------|----------|--------|
| <b>Limpopo</b>             |                          |        |        |        |          |        |
| Ellisras (Lephalale)       | Lephalale PM             | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Groblersdal                | Elias Motsoaledi PM      | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Haenertsburg               | Groter Tzaneen PM        | Veilig | Veilig |        | Veilig   | Veilig |
| Hoedspruit                 | Maruleng PM              |        | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Marble Hall                | Sekhukhune DM            | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Messina (Musina)           | Musina PM                | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Naboomspruit (Mookgophong) | Mookgophong-Modimolle PM | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Nylstroom (Modimolle)      | Mookgophong-Modimolle PM | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Phalaborwa                 | Ba-Phalaborwa PM         | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Pietersburg (Polokwane)    | Polokwane PM             | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Potgietersrus (Mokopane)   | Mogalakwena PM           | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Roedtan                    | Mookgophong-Modimolle PM | Veilig | Veilig |        | Veilig   | Veilig |
| Thabazimbi                 | Thabazimbi PM            | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Tzaneen                    | Groter Tzaneen PM        | Veilig | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig |
| Warmbad (Bela-Bela)        | Bela-Bela PM             | Veilig | Veilig | Veilig | Onveilig | Veilig |
|                            | <b>Getoets</b>           | 14     | 15     | 13     | 15       | 15     |
|                            | <b>Veilig</b>            | 14     | 15     | 13     | 14       | 15     |
|                            | <b>Onveilig</b>          | 0      | 0      | 0      | 1        | 0      |

Tabel 14: Toetsresultate – Munisipale drinkwater: Mpumalanga (2021–2025)

| Plek                      | Munisipaliteit          | 2021   | 2022   | 2023     | 2024     | 2025     |
|---------------------------|-------------------------|--------|--------|----------|----------|----------|
| <b>Mpumalanga</b>         |                         |        |        |          |          |          |
| Amersfoort                | Pixley Ka Seme PM       | Veilig | Veilig | Onveilig | Onveilig | Onveilig |
| Badplaas (eManzana)       | Chief Albert Luthuli PM | Veilig |        | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Balfour                   | Dipaleseng PM           | Veilig |        | Veilig   | Onveilig | Onveilig |
| Barberton                 | Mbombela PM             | Veilig |        | Onveilig | Veilig   |          |
| Belfast (eMakhazeni)      | Emakhazeni PM           | Veilig |        | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Bethal                    | Govan Mbeki PM          | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Breyten                   | Msukaligwa PM           | Veilig |        | Onveilig |          | Veilig   |
| Carolina                  | Chief Albert Luthuli PM | Veilig |        | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Charl Cilliers            | Govan Mbeki PM          | Veilig |        | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Chrissiesmeer             | Msukaligwa PM           | Veilig |        | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Delmas                    | Victor Khanye PM        | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Dullstroom                | Emakhazeni PM           | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Embalenhle                | Govan Mbeki PM          |        |        |          |          | Veilig   |
| Ermelo                    | Msukaligwa PM           | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Onveilig |
| Evander                   | Govan Mbeki PM          | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Greylingstad (Nthorwane)  | Dipaleseng PM           |        |        | Veilig   | Onveilig | Onveilig |
| Hendrina                  | Steve Tshwete PM        |        |        |          | Veilig   | Onveilig |
| Kinross                   | Govan Mbeki PM          |        | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Kriel                     | Emalahleni PM           |        | Veilig | Veilig   | Veilig   | Onveilig |
| Leandra (Thuli Fakude)    | Govan Mbeki PM          | Veilig |        | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Lydenburg (Mashishing)    | Thaba Chweu PM          | Veilig |        | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Machadodorp (eNtokozweni) | Emakhazeni PM           | Veilig |        | Veilig   | Veilig   | Onveilig |
| Malelane                  | Nkomazi PM              | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   |          |
| Middelburg                | Steve Tshwete PM        | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Morgenzon                 | Lekwa PM                | Veilig | Veilig | Onveilig | Veilig   | Onveilig |
| Nelspruit (Mbombela)      | Lekwa PM                | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Ogies                     | Emalahleni PM           |        | Veilig | Veilig   | Veilig   | Onveilig |
| Piet Retief (eMkhondo)    | Mkhondo PM              | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Sabie                     | Thaba Chweu PM          | Veilig |        | Onveilig |          | Veilig   |
| Secunda                   | Govan Mbeki PM          | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Standerton                | Lekwa PM                | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Sundra                    | Victor Khanye PM        | Veilig |        | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Trichardt                 | Govan Mbeki PM          | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
| Volksrust                 | Pixley Ka Seme PM       | Veilig |        | Veilig   | Veilig   | Onveilig |
| Wakkerstroom              | Pixley Ka Seme PM       | Veilig |        | Veilig   | Onveilig | Veilig   |
| Witbank (eMalahleni)      | Emalahleni PM           | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Onveilig |
| Witrivier                 | Mbombela PM             | Veilig | Veilig | Veilig   | Veilig   | Veilig   |
|                           | <b>Getoets</b>          | 31     | 19     | 35       | 34       | 35       |
|                           | <b>Veilig</b>           | 31     | 19     | 30       | 30       | 24       |
|                           | <b>Onveilig</b>         | 0      | 0      | 5        | 4        | 11       |

Tabel 15: Toetsresultate – Munisipale drinkwater: Noord-Kaap (2021–2025)

| Plek              | Munisipaliteit    | 2021     | 2022     | 2023   | 2024     | 2025     |
|-------------------|-------------------|----------|----------|--------|----------|----------|
| <b>Noord-Kaap</b> |                   |          |          |        |          |          |
| Barkly Wes        | Dikgatlong PM     |          |          | Veilig |          | Veilig   |
| Calvinia          | Hantam PM         |          |          |        | Veilig   |          |
| De Aar            | Emwthanjeni PM    |          |          |        | Onveilig |          |
| Delportshoop      | Dikgatlong PM     |          | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Douglas           | Siyancuma PM      | Veilig   | Veilig   |        |          |          |
| Garies            | Kamiesberg PM     |          |          |        |          | Onveilig |
| Hartswater        | Phokwane PM       | Onveilig | Veilig   |        | Onveilig | Veilig   |
| Hopetown          | Thembelihle PM    | Veilig   | Veilig   |        | Veilig   |          |
| Jan Kempdorp      | Phokwane PM       | Onveilig | Veilig   |        | Onveilig | Veilig   |
| Kakamas           | Kai !Garib PM     | Veilig   | Veilig   | Veilig | Onveilig |          |
| Kamieskroon       | Kamiesberg PM     | Veilig   |          | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Kathu             | Gamagara PM       | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Keimoes           | Kai !Garib PM     | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Onveilig |
| Kimberley         | Sol Plaatje PM    | Onveilig | Veilig   | Veilig | Onveilig | Onveilig |
| Kuruman           | Ga-Segonyana PM   | Veilig   | Onveilig | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Orania            | Orania Dorpsraad  | Veilig   | Veilig   |        | Veilig   |          |
| Postmasburg       | Tsantsabane PM    | Veilig   |          | Veilig | Onveilig | Veilig   |
| Prieska           | Siyathemba PM     | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Springbok         | Nama Khoi PM      | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Upington          | Dawid Kruiper PM  | Veilig   | Onveilig | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Vanderkloof       | Renosterberg PM   |          | Veilig   |        | Veilig   |          |
| Warrenton         | Magareng PM       | Veilig   | Veilig   | Veilig | Onveilig |          |
| Williston         | Karoo Hoogland PM | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
|                   | <b>Getoets</b>    | 17       | 17       | 14     | 20       | 15       |
|                   | <b>Veilig</b>     | 14       | 15       | 14     | 13       | 12       |
|                   | <b>Onveilig</b>   | 3        | 2        | 0      | 7        | 3        |

Tabel 16: Toetsresultate – Munisipale drinkwater: Noordwes (2021–2025)

| Plek                        | Munisipaliteit       | 2021     | 2022     | 2023   | 2024     | 2025     |
|-----------------------------|----------------------|----------|----------|--------|----------|----------|
| <b>Noordwes</b>             |                      |          |          |        |          |          |
| Biesiesvlei                 | Ditsobotla PM        | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   |          |
| Bloemhof                    | Lekwa-Teemane PM     | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Brits                       | Madibeng PM          | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Christiana                  | Lekwa-Teemane PM     | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Coligny                     | Ditsobotla PM        | Veilig   | Onveilig |        | Onveilig |          |
| Delareyville                | Tswaing PM           | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Groot Marico                | Ramotshere Moiloa PM | Veilig   | Veilig   |        | Veilig   | Veilig   |
| Hartbeesfontein (Lethabong) | Stad Matlosana PM    | Veilig   | Veilig   | Veilig | Onveilig | Veilig   |
| Hartbeespoort               | Madibeng PM          | Veilig   |          | Veilig | Veilig   |          |
| Klerksdorp                  | Stad Matlosana PM    | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Koster                      | Kgetlengrivier PM    | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   |          |
| Lichtenburg                 | Ditsobotla PM        | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Onveilig |
| Mooiνοοi                    | Madibeng PM          | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Onveilig |
| Orkney                      | Stad Matlosana PM    | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Ottosdal                    | Tswaing PM           | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Potchefstroom               | JB Marks PM          | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Rustenburg                  | Rustenburg PM        | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Sannieshof                  | Tswaing PM           | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Schweizer-Reneke            | Mamusa PM            | Veilig   | Veilig   | Veilig | Onveilig | Veilig   |
| Stella                      | Naledi PM            | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   |          |
| Stilfontein                 | Stad Matlosana PM    | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Swartruggens                | Kgetlengrivier PM    | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Onveilig |
| Ventersdorp                 | Ventersdorp PM       | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Vryburg                     | Naledi PM            | Veilig   | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Wolmaransstad               | Maquassi Hills PM    | Onveilig | Veilig   | Veilig | Veilig   | Veilig   |
| Zeerust                     | Ramotshere Moiloa PM | Veilig   |          | Veilig | Onveilig |          |
|                             | <b>Getoets</b>       | 26       | 24       | 24     | 26       | 20       |
|                             | <b>Veilig</b>        | 25       | 23       | 24     | 22       | 17       |
|                             | <b>Onveilig</b>      | 1        | 1        | 0      | 4        | 3        |

Tabel 17: Toetsresultate – Munisipale drinkwater: Oos-Kaap (2021–2025)

| Plek                      | Munisipaliteit       | 2021   | 2022   | 2023   | 2024     | 2025   |
|---------------------------|----------------------|--------|--------|--------|----------|--------|
| <b>Oos-Kaap</b>           |                      |        |        |        |          |        |
